Doppertjie

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Strand

No. 29/2019 25 Augustus

Oggend

Vooraf:

- SB 14-4:1,3
- SB 1-6:1,2,3

Votum

Seën

Lofsang: Psalm 105:1,2 (1936)

Psalm 113:1,2 (2001)

God se wil: 1 Tess 5:14-28

Gebed

Offergawes & kleuterbediening

Skriflesing & prediking

Teks: Efesiërs 6:10-18

Fokus: Efesiërs 6:16

Gebed

Geloofsbelydenis: 12 Artikels (Gemeente hardop)

Sing: Lied 513:1,2,3

Wegstuurseën

Aand

Sing: Lied 512:1,2

Votum

Seën

Lofsang: Lied 184:1,4

SB 1-3:1,2,3

Gebed

Skriflesing & prediking

Teks: Markus 5:21-43

Fokus: Markus 5:34

Gebed

Offergawes

Sing: Psalm 46:1,6 (1936)

Wegstuurseën

KERKINLIGTING

Predikant	Dinant Zwemstra	dinant@gkstrand.co.za	083 601 8986/021 853 0598
Kantoor	Hannelie Mostert	admin@gkstrand.co.za	021 854 4584
Kantoorure	Maandag-Donderdag	08:00 – 13:00	
Webwerf	Kobus Buys/Chris Joubert	www.gkstrand.co.za	Wagwoord:GKStrand
Facebook	www.facebook.com/groups/strandgk	**Eredienste op Internet:**	
Eredienstye	09:00 (oggend-somer) 18:30 (aand) 09:30 (oggend-winter) 18:30 (aand)	http://kerkdienstgemist.nl	
Skriba	Retha Oostenbrink	admin@gkstrand.co.za	079 884 0908
Redakteur	Thys Ebersohn	doppertjie@gkstrand.co.za	081 784 1904
Diakonie	Herman Geyer	diakonie@gkstrand.co.za	074 279 1011

KERKRAAD AAN DIENS

Vandag

Ouderlinge

Koos Taljaard, JP van der Walt

Diakens

Debbie Coetzee, Hennie Roos,
Estie Bam, Nicolene van der Walt

01 September

Ouderlinge

Mossie Mostert, Francois van Zyl

Diakens

Lisbé Wever, Petro Kruger,
Aletta J van Vuuren, Elbé van der Merwe

VERWELKOMING

VANDAG:
Millie Bronkhorst, Gerrit Earle

01 September
Ferdi & Marlida Wantenaar

DAGBOEK

WOENSDAG, 28 AUGUSTUS

09:00 Bybelstudie

DONDERDAG, 29 AUGUSTUS

09:00 Bybelstudie

KOEK EN TEE

Gerrit Kruger het op 19 Augustus sy 80ste verjaardag gevier en daar sal vandag koek saaam met die tee en koffie bedien word.

OFFERGAWES

Vandag
Binne: Droogtehulp Noord-Kaap
Deure: Droogtehulp Noord-Kaap

01 September
Binne: Barmhartigheidsdiens
Deure: Emeritaatsversorging

Snap here to pay
SnapScan

KOFFIE EN TEE

VANDAG:
Johan & Karina Erasmus, Lourens Erasmus, Petrus & Monique Erasmus

01 September
Thinus & Ina Fourie, Leander Fourie, Marcel Fourie

Sien instruksies vir koffiefles IN KOMBUIS VOOR DIENS

PREEKSKETS: OGGEND

Skild van geloof

Teks: **Efesiërs 6:10-18**

Fokus: **Efesiërs 6:16**

Vandag is ons weer terug by die wapenrusting. Ons is al ’n paar weke besig met dit, ons het gekyk na die waarheid as ons belt, om die lappe bymekaar te hou en ons lendene ons mees kwesbaarste dele te beskerm.
Ons het gekyk na die geregtigheid van God as borsharnas, dat ons Christus se geregtigheid aantrek, ons waar in hom soek, dat ons emosies deur dit beskerm word. Ons het gekyk na die skoene van gereedheid wat van die Evangelie af kom, nie vir die Evangelie nie, maar van die Evangelie. Vandag die skild van geloof.

Die Romeine het verskillende skilde gehad, afhangende van die soldaat se rol en posisie. Die soort wat hier gebruik word is ’n groot skild. Nie die klein skild wat ons sien mense gebruik in die flieks wanneer dit ’n persoon tot persoon konflik is nie. Dit was nie ’n skild wat jy rondgeswaai het nie. Hierdie skild van Ef 6 is die Romeinse skild wat meer soos ’n deur was wat jy saamgedra het. Dit was bietjie meer as ’n meter hoog, 41 cm breed, en het gemiddeld 7-10kg geweeg.

Dit was veral handig wanneer die vyande spiese gegooi het, of pyle op die Romeine laat reën het. Die skild was dan nie net groot nie, maar ook effens rond om die pyle weg te weerkaats. Skilde kan dan ook oor mekaar geplaas word om die bekende Romeinse skilpad te vorm.

Wanneer ’n stad bestorm was, het die vyande hulle pyle aan die brand gesteek, en allerhande dinge van die muur afgegooi, gesmelte lood, klippe enige iets om die vyande weg te hou van die stadsmure.

Jy kan ’n groot, sterk en vinnige soldaat wees, flink met ’n swaard, maar wanneer jy op ’n punt in die oorlog kom waar hulle goed op jou afgooi, en die pyle op jou reën, help al daardie kwaliteite jou niks. Dan het jy ’n skild nodig! Dis al wat jou dan gaan help!

PREEKSKETS: AAND

Vrou met bloedvloeiing

Teks: **Markus 5:21-43**

Fokus: **Markus 5:34**

Wat maak hierdie wonder anders as die ander? Waarom het God bepaal dat juis hierdie wonder (een van baie waarvan ons weet) vir ons opgeteken word? Hoe leer ons Hom ken in sy optrede teenoor die vrou wat aan bloedvloeiing gely het?

Dit is so belangrik dat ons 'n Skrifgedeelte in sy bepaalde konteks sien. So is ook die wonderwerke van Jesus nie geïsoleerde gebeurtenisse nie. Dit vind plaas in 'n baie unieke en eenmalige tyd. Voor sy kruisiging en terwyl die mense om Hom nog maar beperkte kennis van Hom gehad het.

So speel die wonderwerk waarop ons fokus redelik aan die begin van sy bediening op aarde af. Vir die mense om hom, veral sy dissipels, het dit al hoe duideliker begin word het dat Hy die beloofde Messias is.

Nie dat hulle alles begryp het nie. Tewens, heelwat later nog, erken hulle Hom nog steeds nie. Hulle sou eers na sy dood en opstanding die volle implikasies van sy Messiasskap verstaan.

Wat wel vir hulle duideliker begin word is dat Hy nie 'n gewone mens is nie. Hiervan getuig sy genesings en sy oorwinnings oor die duiwel en sy verstommende prediking. Die feit dat Hy werklik die Seun van God, dus God self is, is immers die bedoeling van Markus met die skryf van sy Evangelie.

Nou hierdie wonderwerk. 'n Vrou wat vir 12 jaar lank siek was en vir wie niemand iets kon doen nie, word genees deur bloot aan sy klere te raak.

Wat openbaar Jesus van homself in die gelykenis?

VERJAARSDAE

Sondag, 25 Augustus
Anne Marie Baard
082 823 2607

Maandag, 26 Augustus
Alexander Venter
076 220 8658

Fanie Maritz
073 022 8060

Woensdag, 28 Augustus
Joyce Aucamp
083 769 2424

Vrydag, 30 Augustus
Lené Spiller
082 801 3265

Saterdag, 31 Augustus
James Bodenstein
083 528 1275

Ons wens almal die seën van die Here toe op die nuwe lewensjaar. Veels geluk!

LIEF & LEED

- Ons dink aan die matrieks wat tans begin het met hulle rekord eksamen.
- Ons bid ook die genade van die Here toe aan al die lidmate wat tans besig is om kankerbehandeling te ontvang.

KLEUTERKERK

Ons gesels hierdie week oor een van die vroue in die Bybel. Haar naam was Rut en sy was Koning Dawid se oumagrootjie. Kom kuier saam en vind meer uit oor God se ongelooflike plan vir haar lewe.

Groete,

Die Kinderkerk Tannies

WOONSTEL TE HUUR

Ruim 2-slaapkamer woonstel te huur in Gordonsbaai vanaf 1 Oktober.

R8500-00 per maand sluit water, elektrisiteit en wifi in.

Kontak Hannelie (0728572328)

SOMER EREDIENSTYE

Lente is aan die kom en daarmee saam kom ’n verandering in eredienstye.

Op Sondag, 1 September skakel ons weer terug na ons somertye wat beteken dat die oggenddiens om **09:00** sal begin.

Die aanddienstye bly onveranderd.

AANDAG DAMES!

NG Kerk Suiderstrand het ons genooi om deel te hê aan hulle feesmark op Saterdag, 14 September.
Die koste vir 'n tafel vir die dag beloop R200 en die wins is vir eie sak.

Hulle het aangedui dat daar nog nie 'n brood of grootkoek tafel is nie, maar enige ander produkte kan ook verkoop word.

As jy belangstel om 'n gedeelte van die tafel of die hele tafel te bespreek, kontak asseblief vir Hannelie by die Kantoor.

TER APPROBASIE

Die kerkraad hou die volgende broeders en susters voor ter approbasie as ouderlinge en diakens:

Ouderlinge:

Chris Joubert, André Koen, Thys Ebersohn, Jan du Preez, Johan van Ryssen, Tienie Els.

Diakens:

Ian Strauss, Corene Lessing, Corné Els.

BOLANDKAMP : 6-10 DESEMBER

Die Boland seekamp…elke jaar, op (min of meer) dieselfde tyd en soms op dieselfde plek. Hierdie jaar is dit weer by Disakloof naby Bettysbaai. Ons tema hierdie jaar is:

Wat is jou storie?

Nee regtig, wat is jou storie?

Jou storie is God se storie met jou!

Kom kamp saam, leer saam, bid saam – daar is `n hele paar skitterende dinge wat voorlê – vriende, lofprysing, natuur, sand, see, golwe, ongelooflike lekker kos, bidbuddies, "fun and games" en so kan ons aangaan.

Wie: Alle Graad 8-12's

Wanneer en hoe laat? : 6-10 Desember. Ons begin 14:00 op 6 Desember en maak klaar om 12:00 op 10 Desember.

Waar: Disakloof – Bettysbaai

Kyk gerus op http://www.gkjeug.co.za/boland-c-kamp-2/ vir meer inligting en om aanlyn in te skryf.

BREIPROJEK

Liewe vriendinne!

Ons is almal nog steeds lekker besig met dit waarvan ons baie hou en geniet. So in die winter stilte is daar baie gewoel en werkskaf met `n hele klomp komberse wat ongelooflik mooi en warm is. Ek is baie dankbaar vir alles wat julle doen en regkry. Ons wil graag vra of daar nie wolle rond lê of in die pad is terwyl al die winterstof uitgewaai, uitgevee word. Ons sal dit met groot graagte kom haal en die mooiste, lekker warm komberse brei. Dit gee so baie warmte en vreugde aan die wat dit ontvang. Intussen die hande wat nog fluks aanhou brei en hekel, daaroor jubel en juig ek net met oorgawe. Vreugdevolle week met baie seën!

Hermie (083 300 8999)

ONDERSTEUN ONS LIDMATE!

Gekwalifiseerde versorger beskikbaar Maandae tot Vrydae 08:00 - 16:00 Sandra 079 885 4623

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Ek maak gordyne, romeinse blindings en kwilts. Skakel Antonia Cloete by 073 006 0640

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Grafiese ontwerper doen logos, brosjures, besigheids- en produk-indentiteit en nog meer. Skakel Ian by 084 720 9528

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Kiaat, Rooshout en Zimbabwiese Teak vir meubels asook vloerplanke. Kontak Thys 081 784 1904

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Avroy Shlain Skoonheidsprodukte Sanet Grönum 082 381 8854

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Ek verskaf, en is 'n invoerder van mediese toerusting en gebruiksitems. Kontak Erica Versteegh by 021 856 3714 of erica@erimed.co.za

Vir Aluminiumgeute en afvoerpype skakel vir Hugh of Hermie Michler 083 300 8999

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Kontak Miriam Barnard vir natuurlike gesondheids-produkte, Sportron Ascendis en handgemaakte produkte bv. tafelmatjies, inkopiesakke ens. 083 744 6886

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Vir beter kennis oor grondgeskiktheid en doeltreffende besproeiing in jou tuin, kontak gerus vir Giel Streuderst MSc. (Agric.) by 082 388 0064.

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Kom leer om jou eie Tiffany lampe te maak asook vensters en deure! Kontak Jetty Salomons op 082 320 6577 of 021 856 0736.

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Stringligte te huur, skakel Karen 0827676833

Kontak gerus vir Hermie as jy 'n ou teddiebeer wil laat regdokter 083 300 8999

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Oppas van huis en diere. Doen dagbesoeke of inslaapdiens. Johanna en Anton 082 482 6777 / 0218533745

****

Vir alle verfwerk in en om die huis, skakel Jan van der Waals 072 424 4653

****

Vir enige elektriese herstelwerk of installasies, kontak Mossie Mostert 072 910 8244

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Kontak Gerrit Earle vir enige staal- en sweiswerk en die oprig van Wendy-huise. Hy kan ook klein vragte vervoer. Kontak Gerrit by 073 654 4345

❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖❖

Vermy enkelgebruik plastiek items. Kontak my vir Eko-vriendelike produkte: Herbruikbare Katoen Groentesakkies en Inkopiesakke, asook Bamboes Tandeborsels en Bamboes Strooitjies ens. Karen Versteegh 0827676833 of besoek https://hug-tree.co.za/